

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 30 Januarie 2022

VOTUM EN SEËNGROET::

Toe die Here die lot van Sion verander het,

was dit vir ons soos 'n droom.

²Ons het gelag en gesing.

Onder die nasies het hulle gesê:

“Die Here hét groot dinge

aan hierdie mense gedoen.”

³Die Here hét groot dinge aan ons gedoen;

ons was bly.

SKRIFLESING EN GEBED:

Tema: Soekende oë, volkome harte

Teks: 2 Kronieke 14 en 16:9

Die oë van die Here

In 'n gesprek tussen die profeet, Gananai en koning Asa het hy vir die koning gesê,

‘God se oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld (volkome) op Hom gerig is’;

Rehabeam, Abia en Asa

In koning Asa het die Here só iemand gevind. Hierdie jong leier was volkome van hart en het gedoen wat goed en reg was in die oë van die Here. (2 Kron. 14:2)



1. Hy verstewig die geestelike onderbou van die Joodse volk. (2 Kron. 14:1-7)

- **Maak skoon.**

Hy het alle vorme van afgodery uit die land verwyder: altare van vreemde gode; klippilare; gewyde pale opgedra aan El, Baäl en die moedergodin, Astarte.

- **Geestelike dissipline.**

Hy het opdrag gegee dat die volk aan God se wil gehoorsaam moet wees en sy gebooie nakom;

- **Godsdienstige gebruike.**

Hy stel geestelike programme in, oa die Paasfees.

ONDER HOM HET DIE LAND VREDE GEHAD (2 Kron. 14:5)

2. In die tydperk van vrede versterk hy die infrastruktuur van die land: vestingstede (2 Kron. 14:6,7)

Omdat die land vrede gehad het, en Asa nie oorlog moes voer nie, het hy in dié jare vestingstede gebou, "Laat ons die stede **versterk** met mure en torings, poorte en sluitbalke":

- **Mure.**

Mure van beskerming (walls for protection)

- **Torings.**

Torings om komende gevaar te kan sien (towers to see any approaching dangers)

- **Poorte.**

Om die behoeftes van ander te verstaan en uit te reik (gates that make us approachable)

- **Sluitbalke.**

Om gevare uit te sluit (bars, because there are things to be locked out of our lives)



Die land was nog ons s'n, want ons is gehoorsaam aan die Here ons God, en Hy het ons na alle kante toe rus gegee. (2 Kron 14:7b)

3. Na die vestiging van die infrastruktuur, was Asa gereed vir die grootste veldslag van sy koningskap: DIE SLAG VAN "EEN MILJOEN". (2 Kron. 14:8-15)

- **Omvang van die oorlog.**

Asa het sy ryk versterk en 'n weermag gebou wat bestaan het uit 580 000 man. Maar hy was nie gereed vir die groot oorlog wat oppad was nie. Serag, die kusiet, het met 'n weermag van 1 000 000 man opgeruk om Asa uit te wis

- **Gebed van afhanklikheid.**

Asa het die Here sy God aangeroop en gesê: "Here, net U kan die swakke teen 'n oormag help. Help ons, Here ons God! Ons steun op U, en in U Naam trek ons teen dié menigte op. U is ons God, Here; moenie dat 'n méns teen U seëvier nie." (2 Kron 14:11)

DIE HERE HET DIE KUSIETE DIE ONDERSPIT LAAT DELF TEEN ASA EN JUDA

4. Pasop vir die perdebynes: selfvoldaanheid. (2 Kron. 16:7)

Asa sluit 'n verdrag sonder om die Heer te raadpleeg: **Ganani**

- Asa was so kwaad dat hy Ganani in die tronk laat gooi het;
- Hy het begin om mense sleg te behandel;
- Hy het 'n ernstige siekte aan sy voete opgedoen. Selfs in dié siekte het hy nie die Here geraadpleeg nie, maar wel die dokters.

Na sy dood het hulle groot vuur ter ere van hom aangesteek!



Samevattend:

'God se oë deurloop die hele aarde om huisgesinne kragtig te steun wie se hart onverdeeld (volkome) op Hom gerig is':

1. Gesinne wat volkome van hart is doen wat goed en reg is in die oë van die Here;
2. Gesinne wat volkome van hart is reinig hulleself van verskillende vorme van afgodery en plaas God in die sentrum van hulle lewens en stel mooi godsdienstige gebruike in;
3. Gesinne wat volkome van hart is versterk die gesinsbande met mure van veiligheid, uitkyktorings om gereed te wees vir komende gevare, poorte van gasvryheid en sluitbalk om gevare uit te hou;
4. Gesinne wat volkome van hart is beleef ook oorloë maar oorwin in afhanklikheid van en deur die genade van die Here;
5. Gesinne wat volkome van hart is waak teen die perdebynes van selfvoldaanheid;
6. Gesinne wat volkome van hart is ervaar die vrede van die Here!

SHALOM!

SEËNBEDE VIR 'N GESIN WAT VOLKOME VAN HART IS:

⁷Mag daar vrede wees binne jou mure,
rus in jou wonings.

⁸Ter wille van my broers en my vriende
wens ek jou vrede toe.

⁹Ter wille van die huis van die Here
ons God

bid ek dat dit met jou goed sal gaan.



OFFERGAWE:

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor: kantoor@ngkerkwonderpark.co.za **Ondersteun asseblief ons borge!**

Vandag se erediens is geborg deur:

EVERY DAY IS LEG DAY AT

**CYCLE
MANIA**

WE HAVE EVERYTHING YOU NEED

- BICYCLES
- BICYCLE SERVICES
- CYCLING APPAREL
- CYCLING ACCESSORIES
- GIFT VOUCHERS



012 998 8094 | 084 580 9858 | www.cyclemaniasa.co.za

